# DIE NAGMAAL AS 'N MAALTYD

C.J.H. Venter
Departement Diakonologie
PU vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*HOLY COMMUNION AS A MEAL*

*To reach the goal of this article two main issues are being investigated. The first concerns the relationship between meals in the Old and the New Testament and Holy Communion as a meal. The second issue is: what is the meaning of Holy Communion as a meal for the believer, i.e. what does it mean to eat the body of Christ and to drink his blood?*

*By means of analysis and synthesis the relevant data from Scripture are investigated. Due to a lack of sufficient exegetical material concerning the Holy Communion as a meal, several ad hoc passages had to be explored independently in order to obtain relevant data for the topic. In the course of this article matters pertaining the Holy Communion as a meal are also dealt with in the light of the obtained data from Scripture.*

*In conclusion Holy Communion as a meal is finally defined in the light of the relevant and explored data from Scripture.*

## 1. PROBLEEMSTELLING

Daar gaan gepoog word om in hierdie artikel die volgende basiese sake in behandeling te neem:

### 1.1 Maaltye en Nagmaal

Wat is die verband tussen die Nagmaal en maaltye in die Ou en Nuwe Testament? Watter lig werp die betekenis van maaltye in die Bybel dus op verskillende aspekte van die Nagmaal en waarom is die Nagmaal tydens 'n maaltyd ingestel?

### 1.2 Christus eet en drink?

Watter betekenis het die feit dat Nagmaal 'n maaltyd is vir die gelowige wat Nagmaal gebruik? Wat hou dit in dat die liggaam van Christus geëet en dat sy bloed gedrink

word in die Nagmaal? (Johannes 6:54)

## 2. BEGRENSING

Omdat hierdie artikel fokus op die maaltydaspek in die Nagmaal, word dit sterk daartoe begrens. Ander skrywers in hierdie uitgawe behandel onderwerpe wat aanrakingspunte mag toon met hierdie artikel. Hier word spesifiek die maaltydsdimensies as fokus en inhoud geneem.

## 3. METODE

Literatuurstudie deur analise en sintese is die metode wat hier gevolg word. Dit moet hier gestel word dat eksegetiese literatuur oor die maaltydaspekte van die Nagmaal nie volop is nie en meermaale beperk is tot tydskrifartikels wat ook net onderdele in behandeling neem. Op bepaalde punte sal tersaaklike Skrifgedeeltes dus selfstandig verken moet word met die oog op toepaslike boustof.

## 4. MAALTYE IN DIE OU TESTAMENT

Hier sal onderskei moet word tussen gewone maaltye en offermaaltye.

### 4.1 Gewone maaltye

#### 4.1.1 Voedsel - 'n gawe van God

In Genesis 1:29 dui God self die mens se voedsel aan as "... al die plante wat saad gee op die aarde, ook al die bome wat vrugte en saad gee". In Genesis 9:3 voeg God nog verdere voedsel by, naamlik: "Alles wat roer en leef sal kos wees vir julle. Naas die groen plante gee Ek dit alles aan julle." Wat hier beklemtoon word is enersyds dat dit God is wat voedsel gee en Hy alleen! In sy almag buig Hy neer om deur voedsel die mens te laat lewe en as 't ware in gemeenskap met Hom te stel. Andersyds beklemtoon die feit dat dit God is wat voedsel gee, die totale afhanklikheid van die mens. Die mens kan net ontvang en gebruik, hy kan voedsel nie skep nie.

Hierdie aspek van God wat in sy almag gee en die volk wat maar net kan ontvang, kom weer sterk na vore tydens Israel se woestynreis (Eks 16). In sy almag gee God aan 'n volk wat smag na voedsel die manna uit die hemel. Reeds hier moet gestel word dat

dieselfde lyn van God wat in sy almag gee en die mens wat net kan ontvang weer terug keer in die evangelie volgens Johannes, hoofstuk 6. In die vermeerdering van die brood, in die direkte verwysing na die volk wat van die manna in die woestyn geëet het, in die oproep van Jesus dat sy liggaam geëet en sy bloed gedrink moet word, het ons 'n toespeling op God as Gewer en die mens as ontvanger van voedsel, *in casu* ook van die liggaam en bloed van Christus.

### 4.1.2 Maaltye - sigbare gemeenskap tussen lede van een gesin

In die lewe van die Israeliete was die tweede daaglikse maaltyd die belangrikste. Dit het ongeveer twee ure voor sonsondergang plaasgevind. Die besondere van dié ete was dat dit op 'n tyd plaasgevind het wanneer die hele gesin byeen was (vergelyk Huey, 1977:143). Juis om dié rede het hierdie maaltyd die onderlinge gesinsliefde sigbaar tot uitdrukking gebring (vergelyk Versteeg, 1980:12). Die familie het op 'n groot ronde mat gesit en uit 'n gemeenskaplike skottel geëet. Juis die saam-eet uit een skottel het die onderlinge gesinseenheid sigbaar gemaak. Hierdie maaltydgewoonte was nie net tot die Ou Testament beperk nie. As die Here Jesus in Lukas 22:12 die opdrag gee dat sy dissipels die paasmaaltyd - wat gevolg word deur die instelling van die Nagmaal - moet gaan voorberei in 'n bovertrek "wat klaar daarvoor ingerig " is (Luk 22:12), dan hou dit in dat nie alleen die voedsel berei gaan word nie, maar dat ook die bovertrek, die eetkamer reeds so ingerig is dat die gesinsgemeenskap tussen Jesus en sy dissipels ook sigbaar afgebeeld sal word.

Hierdie bepaalde wyse van gesinsgemeenskap deur saam te eet kom ook ter sprake in Matteus 26:23 waar Jesus aan sy twaalf dissipels sê: "Hy wat saam met My sy hand in die skottel insteek, hy sal my verraai." Die hoogste verraad - waardeur Christus uiteindelik geoffer sal word - vind plaas waar die diepste gesinsgemeenskap afgebeeld word.

### 4.1.3 Maaltye - sigbare betoning van gasvryheid na buite

Betoning van gasvryheid, wat maaltye ingesluit het, is beide in die Ou en Nuwe Testamentiese tyd as baie belangrik beskou. Gaste is meermale met 'n soen binne genooi en daarna is water aan hulle gegee om hulle voete te was (vergelyk Huey, 1977:144). 'n Sprekende voorbeeld van die betoning van gasvryheid was die optrede van Abraham teenoor die Here en die engele. As Abraham die drie mans sien, nooi hy hulle om hulle voete te was en daarna saam te eet (Gen 18:1-5). Hulle ontvang slegs die beste (Gen 18:6-8). Dié daad beklemtoon die hoë premie wat op gasvryheid geplaas is, te meer omdat Abraham nie eers geweet het dat sy besoekers die Here en

twee engele was nie.

Afgesien van gasvryheid kom ook die diensmotief hier na vore in die gewoonte van die voetwassing. Dit is dié motief wat ook na vore kom in Jesus se optrede om sy dissipels se voete te was - juis voor die viering van sy laaste Paasfees en die instelling van die Nagmaal (Joh 13).

#### 4.1.4 Maaltye - aanduiding van die verseëling van 'n verbond

In Genesis 26 word gehandel oor die verbondsluiting tussen Isak en Abimeleg. In vers 30 staan: "Toe berei hy (Isak) vir hulle 'n maaltyd en hulle het geëet en gedrink". Hierdie eet en drink het die sluit van die verbond die volgende oggend voorafgegaan (vergelyk Aalders, 1972:178).

In Genesis 31 gaan die verbondsluiting tussen Jakob en Laban gepaard met die eet van kos. Aalders (1963:18) gaan te ver as hy hierdie ete 'n verbondsmaaltyd noem. Dit mag lyk asof hy die maaltyd gelykstel met die inhoudelike bepalings van die verbond. Die standpunt van Versteeg (1980:12) dat die gemeenskaplike maaltyd die eenheid vergestalt wat daar op grond van die verbond tot stand kom, is meer aanvaarbaar. Deur saam te eet, bevestig beide partye ook hulle voorneme om hulle aan die voorwaardes van die verbond te hou (vergelyk Wolf, 1980:233).

### 4.2 Offermaaltye in die Ou Testament

Voordat 'n uiteensetting oor die betekenis van die offermaaltye vir die maaltydkarakter van die Nagmaal gebied word, moet enkele betekenisnuanses van die offer self eers hier aangedui word.

#### 4.2.1 Offer en versoening

'n Kernaspek van die offers in die Ou Testament is dat die offer versoening moes doen vir die oortredinge van 'n sondaar (vergelyk,Noordtzy, 194):25).

In hierdie verband is gegewens uit Levitikus 17[1] van belang. In Levitikus 17:11 sê God

[1]Eksodus 12 waarin oor die instelling van die Paasfees gehandel word, word nie hier in behandeling geneem nie, omdat dié hoofstuk intensief betrek word in 'n afsonderlike artikel in hierdie uitgawe.

aan sy volk: "Omdat die lewe van 'n dier in sy bloed is, het ek die bloed vir julle gegee om op die altaar versoening te doen vir julle lewens". Die Hebreeuse begrip *lekkapeer* word hier met versoening vertaal. Hierdeur gaan iets van die oorspronklike koloriet egter verlore. Wat inderdaad in die offer gebeur het, is dat die bloed van die offerdier die Israeliet se lewe bedek het, in die sin dat sy sonde voor God bedek is (vergelyk Vonk, 1963:33). Bloed bedek omdat daar lewe in die bloed is (Lev 17:11) Die lewe van die offerdier doen versoening vir (= bedek) die lewe van die sondaar voor God. Hier het ons gekom by wat meermale genoem word die plaasvervangende offer of sterwe (Vonk, 1963:20; vergelyk ook Plantinga, s.j. 146; Harrison, 1980:181; Gispen, 1950:257-258). Plaasvervangende offer of sterwe bereik die vervulling in die offer van Christus vir ons.

Wat ook van belang is, is die ***stille spraak*** wat van die offer uitgaan. Sonder woorde veraanskoulik die offer die nuwe lewensgemeenskap waarin God met die mens tree (vergelyk Noordtzij, 1940:25; Versteeg, 1980:13; Plantinga, s.j. 151). God kan nou weer tot die mens kom, want dit wat hulle uitmekaar hou, is deur die offer bedek. In die Nagmaal word die offer van Christus sigbaar en tasbaar vir die gelowige aangebied as "My liggaam en My bloed" (Joh 6:53-33).

#### 4.2.2 Offer - wie neem inisiatief en wie ontvang?

Dat God die inisiatief neem in die offers om die sonde te bedek, blyk ook uit Levitikus 17:11 "... en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen ...". Dat God die absolute inisiatief tot die offer van versoening neem, word ook uit 2 Korintiërs 5:18 duidelik (1953- vertaling): "Dit alles is uit God wat die wêreld met homself versoen het deur Christus ... ."

Vanselfsprekend volg hieruit dat dit die sondaar is wat die vrug van die offerwerk ontvang. Dit is "julle siele" (Lev 17:11) en dit is "die wêreld" wat deur God met Homself versoen word (2 Kor 5:18).

In hierdie verband moet die aandag direk gevestig word op die menslike aktiwiteit (nie aandeel nie!) in die offer. In die Ou Testament moes die Israeliet die offerdier bring, die hande moes daarop gelê word, dit moes geslag en verbrand word. In die Nagmaal moet die gelowige ook kom, hy moet Christus se liggaam neem, eet en sy bloed drink met die mond van die geloof - en so bedek die offer van Christus nie net nie, maar word sy liggaam en bloed wesenlik deel van die gelowige.

### 4.2.3 Offermaaltyd en gemeenskap met God

'n Kernmoment in die offermaaltyd is dat die offermaaltyd **as maaltyd** die gemeenskap met God vergestalt het. Hierop word nou nader ingegaan. Offermaaltye het plaas gevind *coram Deo*. Hier "... wist men zich in de tegenwoordigheid van God". (Versteeg, 1980:13). Van die offers het juis die vredesoffer die verhouding tussen God en sondaar op die oog. Die vredesoffer - moontlik die basiese van alle gemeenskaplike offers (vergelyk Rainey, 1978:207-208) - het van ander offers verskil in dié sin dat dit nie geslag is aan die noordelike punt van die altaar nie, maar voor en baie naby aan die ingang van die tent van samekoms; as 't ware so naby as moontlik aan die teken van God se direkte teenwoordigheid by sy volk, voor sy aangesig.

Hoe het dié offer gemeenskap *geskep* met God? Volgens Levitikus 17:18 is die offerdier geslag, 'n deel van een en dieselfde dier is op die altaar geplaas en aan God geoffer en 'n ander gedeelte van dieselfde offerdier is deur die Israeliet self geëet. Wat hier gebeur is dat een en dieselfde dier so die afstand tussen altaar en Israeliet oorbrug.

God gee die versoening op grond van die een deel van dieselfde dier wat op die altaar geoffer word. Dit wat God gee, word oorgedra op die offeraar deur die eet van die ander deel van dieselfde dier omdat albei dele (= dié wat geoffer en dié wat geëet word) tot een en dieselfde dier behoort. "Thus, the blessing of the propitiated God was made the possesion of the obedient eater ..." (Custer, 1985:406.) Met die vleis van één en dieselfde dier is dus 'n offer gebring - en later feesgevier.

Dit is dieselfde gedagte wat Paulus later in 1 Korintiërs 10:16-21 toepas op die offervleis aan die afgode. As 'n deel van die vleis aan 'n afgod geoffer word, stel dit dié persoon wat 'n ander deel van dieselfde dier se vleis eet, in gemeenskap met die duiwel. Daarom: "Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwel nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie." (1 Kor 10:21-22.)

Hierdie lyn word verder aan ook toegepas op die Nagmaal en liefdesmaaltye.

### 4.2.4 Offermaaltyd en vreugde onder mekaar

Die vleis wat die Israeliet terugontvang van die altaar af het hy nie vir homself gehou nie. Hy het die vleis gebruik vir 'n uitbundige gemeenskaplike feesmaal. Die mens wat versoen is met God, mag in vreugde feesvier.

Dit is hierdie feesvreugde as maaltyd wat - eskatologies - meermale in die Psalms en deur die profete besing word. Die feesvreugde is as 't ware 'n vooruitgryping op die oorvloedige heil in die beloofde land.

Psalm 23 - 'n Nagmaalspsalm - is hiervan 'n goeie voorbeeld. Die hele Psalm loop uit op 'n maal vol feesvreugde. Die struktuur van Psalm 23 toon ooreenkoms met dié van 'n uurglas. Die Psalm begin met: "Die Here is my herder." Dan volg die *engte*: "al gaan ek ook deur 'n dal van doodsgevaar." Dan volg weer die verbreding: "U laat my by 'n feesmaal aansit." Die begrippe om die oorvloed van feesvreugde aan te dui, word opgestapel in die laaste deel van die Psalm: "U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid, U goedheid en liefde sal my lewelank by my bly ...". Die vreugdebeweging in Psalm 23 is opvallend: dit begin by die Here wat herder is ( en - eskatologies gesien - self die offer voorsien) na die Here as gasheer wat oorlaai met oorvloed!

Iets van die feesvreugde kom byvoorbeeld ook na vore in die uitnodiging in Jesaja 55: "Kom koop sonder geld wyn en melk".

Dit is dié feesvreugde op grond van die offer wat ook oor die Nagmaal heen loop na die bruilofsmaal van die Lam.

### 4.2.5 Samevatting

As samevatting van gegewens oor maaltye in die Ou Testament wat toepaslike lyne bied vir Nagmaal as maaltyd, kan die volgende hier gestel word:

- Maaltyd veronderstel voedsel as 'n gawe van God aan die mens as ontvanger.
- Maaltye beeld na binne sigbare gemeenskap uit, soos tussen lede van 'n gesin, en na buite gasvryheid.
- Maaltye is aanduiding van die verseëling van 'n verbond en van die voorneme tussen partye om 'n verbond te onderhou.

* Offermaaltye beeld gemeenskap met God af, want een en dieselfde offerdier verbind altaar en offeraar.
* Offermaaltye is vreugdemaaltye.

## 5. MAALTYE IN DIE NUWE TESTAMENT

### 5.1 Jesus se maaltye met sondaars

'n Refrein wat telkens in die Evangelies aangetref word waar verhaal word dat Jesus met sondaars saam eet, is die uitdrukking: Hulle (= Fariseërs en tollenaars) het beswaar gemaak omdat Jesus saam met sondaars eet (vergelyk byvoorbeeld Luk 19:18). In Lukas 15:2 word die Fariseërs en tollenaars se besware teen die feit dat Jesus saam met sondaars eet, die direkte aanleiding vir die vertel van die drie gelykenisse van verlorenheid. Dit is opvallend dat al drie gelykenisse weer met 'n fees(maal) eindig!

'n Vraag wat hier ter sake is, is of die feit dat Jesus saam met sondaars saamgeëet het dan 'n motivering bied vir die sogenaamde oop Nagmaalstafel. In die jongste tyd word die feit dat Jesus met sondaars saamgeëet het, inderdaad aangegryp om 'n tafel te bepleit "... that will be open to all - including non-members and non-believers" (Wren, 1986:839). Met so 'n argument as uitgangspunt kan (het?) die standpunt dat almal mag aansit - ook dié wat deur strukture veronreg word - 'n politieke speelbal word. In so 'n situasie word nie gevra na die aanwesigheid of nie van geloof en bekering nie (vergelyk Trimp, 1985:73).

Vir doeleindes van hierdie artikel en om bogenoemde vrae te beantwoord, word enkele lyne getrek uit die gemeenskap van Jesus met Saggeus. Hiervoor word Lukas 19:1-10 verken vir toepaslike gegewens.

Wat eerstens in hierdie gedeelte opval, is dat Jesus by Saggeus **moes** tuisgaan (vers 5). Tuisgaan veronderstel saameet en saamverkeer. Hierdie moet is 'n goddelike moet. God **wil** in hierdie huis inkom. **Hy** neem die inisiatief.

Wat tweedens na vore kom, is Saggeus se reaksie: hy ontvang Jesus met blydskap (vers 6).

Vervolgens blyk Saggeus se berou in vers 8.

Laastens betuig Jesus dat Saggeus genade ontvang het. "Vandag het vir hierdie huis redding gekom." (vers 9.)

Uit dié enkele gegewens blyk dit dat Jesus se omgang en eet met sondaars hoegenaamd geen rede bied vir 'n oop tafel nie. Sy omgang met sondaars het gepaard gegaan met berou en inkeer van die sondaar se kant en met vryspraak van Christus se kant.

In hierdie verband is dit opvallend dat in die brief aan Laodisea (Op 3:14-22) bekering en maaltyd hou, of feesvier saam met Christus direk verbind word. In die eerste gedeelte van Openbaring 3:19 kom 'n sterk bestraffing voor: "... Laat dit vir julle erns wees en bekeer julle." Dan volg vers 20: "Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My." Eers bekering dan feesmaal. Sonder bekering geen feesmaal.

Dit is hierdie lyn van bekering en Nagmaal wat verwoord word in artikel 35 van die Nederlandse geloofsbelydenis, naamlik dat Jesus die Nagmaal beveel en ingestel het om húlle te voed en te onderhou wat Hy reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het. Nagmaal is 'n maaltyd vir wedergeborenes en wedergeboorte en bekering is onafskeidelik aan mekaar verbind. Ook die Heidelbergse Kategismus, Sondag 30, vraag 81, verbind bekering en Nagmaal. Net hulle mag na die maaltyd kom "... wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het ..." en voorts "... die wat hulle nie tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself".

### 5.2 Jesus voed die skare

Hier word net kortliks aandag gewy aan Johannes 6 wat deur 'n ander skrywer elders in die uitgawe breedvoerig behandel word. Johannes 6 is belangrik vir die maaltydkarakter van die Nagmaal, enersyds omdat hier 'n direkte verband gelê word tussen die broodwonder en Jesus se liggaam en andersyds omdat die *Nagmaalsopdrag*, naamlik om sy liggaam te eet en sy bloed te drink, in Johannes 6 baie prominent funksioneer (vers 53-59).

Nadere verkenning bring die volgende aspekte na vore:

### 5.2.1 Sorgende almag van Jesus

Telkens neem Jesus die inisiatief. Dit is Hy wat begin om die skare te versorg (vers 5,6,10). Dit is Hy wat nadat Hy gedank het, die voedsel uitdeel aan die mense. Hier voeg Johannes spesifiek by "... soveel (kos) as wat hulle wou hê" (vers 11). Die dui op oorvloed - feestelike oorvloed!

In die ontleding van gegewens in verband met maaltye in die Ou Testament is reeds aangetoon dat God die Gewer en die mens die ontvanger van voedsel is, asook dat dié feit sterk beklemtoon word in die manna wat God aan Israel in die woestyn gee (Eks 16). Die feit dat Jesus in Johannes 6:32,49 die eet van die manna in die woestyn ter sprake bring, lê 'n verband tussen die twee wonders. In beide - en so in die Nagmaal - kom God se sorgende almag na vore. Die mens kan net maar neem en eet, dit wil sê ontvanger wees.

### 5.2.2 Gewone alledaagse kos

'n Verdere trek wat hier na vore tree, is die klem op die doodgewone, alledaagse kos. Jesus bid hier nie dat kos uit die hemel sal neerdaal nie. Hy dank sy Vader vir die doodgewone, voorhande kos wat op die toneel sommer daar tussen die mense by 'n seuntjie beskikbaar is. Uit die gewone laat Jesus die buitengewone voortkom - dit is wat 'n wonderwerk beteken. Uit die bietjie (vyf brode en twee visse) voed Hy 'n groot skare. Met 'n enkele stukkie brood en 'n slukkie wyn voed Christus ons aan die Nagmaal met sy onmeetbare *self*.

Die kern hier is dus dat Jesus uit die elementêre, alledaagse kos die lyn deurtrek, via die manna in die woestyn, na Homself: "die brood wat Ek sal gee, is my liggaam" (vers 51) en: "My liggaam is die ware voedsel, en My bloed is die ware drank." (vers 52.)

### 5.2.3 Christus se liggaam eet en sy bloed drink - 'n nadere ondersoek

In die hart van die Nagmaalsleer (vergelyk Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 35) en Nagmaalsgebruik, staan die maaltydsaspekte soos dit na vore kom in Johannes 6:55 en 56: "My liggaam is die ware voedsel en my bloed is die ware drank. Wie My liggaam eet en My bloed drink bly in My en Ek in hom".

Die verbinding: brood - liggaam en beker - bloed kom in al vier die instellingsberigte voor (Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19-20 en 1 Kor 11:23-24) asook op die

aangeduide plek in Johannes (6:55-56) waar daar 'n direkte toespeling op die Nagmaal is.

Dit is juis dié uitdrukking waaroor in die tyd van die Hervorming so drasties onder hervormers verskil is (vergelyk Balke, 1980:178-225). Vir ons doeleindes is van belang dat maaltyd die eet is van Christus se liggaam en die drink van sy bloed.

Hoe moet liggaam en bloed hier verstaan word?

Eerstens het ons in die terminologie dat die brood Christus se *liggaam* is en die beker sy *bloed*, te doen met metonieme, dit wil sê om dieselfde saak op 'n ander naam te noem (vergelyk Grove, 1976:72). Die punt van belang is dat dit om dieselfde saak gaan, naamlik Christus se liggaam en bloed - al word ander terme dan ook daarvoor gebruik.

Tweedens moet daarop gelet word dat Johannes in 6:53 die begrip σάρξ gebruik om Jesus se liggaam aan te dui. Schweizer (1971, VII:140) toon aan dat die sesvoudige voorkoms van die kombinasie liggaam en bloed van Christus in Johannes 6 onmiskenbaar dui op die Nagmaal, en wel in dié sin dat niks minder as vleeswording nodig was vir die verlossing nie. Terselfdertyd hou dié uitdrukking in dat Christus se werk die eie besit van die gelowige word langs die weg van aanvaarding (eet van sy liggaam).

In dieselfde verband moet die aandag gevestig word op die feit dat *liggaam* hier begryp moet word as die Persoon, dit wil sê Christus, in sy totaliteit, in sy diepste self, as offer en vrywillig oorgegewene in die plek van en ten behoewe van sy volk (vergelyk Versteeg, 1980:42-43).

*Bloed* moet hier verstaan word in die Ou Testamentiese sin van lewe, maar dan - soos by liggaam - oorgegewe lewe, lewe wat wegvloei (vergelyk Versteeg, 1980:42-43) om skuld voor God te bedek.

Derdens - en dit bring ons midde in die Nagmaal as maaltyd - hoe eet en drink die gelowige die liggaam en bloed van Christus en watter uitwerking het dit? Wat gebeur as die offergawe tot offerspyse word? (Ridderbos, 1966:469).

In die Nagmaal staan ons voor die werklikheid daarvan dat niks minder nie as die liggaam self van Christus werk-lik (=realiter) aan ons gegee word in die brood en wel

om ons innerlik te voed. Ons word nie gevoed deur die brood nie, maar ons siele word gevoed "by the substance of his body" (Calvyn, 1973:246) - en so word ons waarlik (*vere*) een met Hom. So gebeur dit dat "a lifegiving power from the flesh of Christ is poured into us through the medium of the Spirit, although it is at a great distance from us, and is not mixed with us" (Calvyn, 1973:246; vergelyk Osterhaven, 1984:86).

Dus: om Christus te eet met die mond van die geloof hou in kern in die deelmaak, die eie maak, die ingroei van 'n gelowige se diepste wese in Christus se werk vir hom en in hom, kortom in Christus self.

Hierdie eet van die liggaam en bloed van Christus is lewegewend (Joh 6:53). Wie Hom nie eet en sy bloed nie drink nie, is dood, het "geen lewe in homself nie". Aan die ander kant: wie Hom eet, het die ewige lewe.

## 5.3 Die Pasga as maaltyd

Waar die Nagmaal eksplisiet ter sprake kom, word dit altyd aan 'n maaltyd verbind (Matt 26:26-29; Mark 14:22-25; Luk 22:14-20; 1 Kor 10:16-22 en 11:20-34).

Watter betekenis het die maaltydkarakter van Pasga vir die maaltydkarakter vir die Nagmaal?

<u>Die bovertrek as plek vir die Paasmaal</u>

Die oorgang van Paasmaal na Nagmaal is besonder prominent in Lukas se weergawe van die instelling van die Nagmaal (Luk 22:7-23). Duidelik word die instelling van die Nagmaal voorafgegaan deur Jesus se opdrag aan sy dissipels om die Paasmaaltyd te gaan voorberei (Luk 22:13). Jesus se opdrag word direk gevolg deur sy uitspraak: "Ek het baie daarna verlang om hierdie Paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly." (Luk 22:15.) Deur hierdie telkens terugkerende herhalingspatroon van die *Paasmaaltyd* word die aandag juis gevestig op die **Paasmaaltyd** as agtergrond vir die Nagmaal.

In Lukas 22 word die maaltydkarakter van die Pasga verder beklemtoon deur die opdrag dat die maaltyd in 'n bovertrek gereed gemaak moet word (Luk 22:12). Dié vertrek was op die boonste vloer van 'n huis en het gedien as eetkamer (Latyn *coenaculum*). Die Paasmaaltyd word dus deur Jesus en sy dissipels genuttig in die normale eetplek, 'n eetkamer van 'n huis. Die maaltydkarakter word ook beklemtoon deurdat Jesus sê dat die bovertrek "... klaar daarvoor (=vir die Paasmaal) ingerig is ...". Dit

beteken alles is vir die maaltyd gereed gemaak - alles wat onder andere die gesinskarakter van die maaltyd beklemtoon - matjies is gelê en kussings is geplaas (vergelyk ook Greijdanus,1941:213; Ten Boom, s.j. 29-30).

Die voedsel

Volgens Lukas 22:17-22 het Jesus een en dieselfde brood geneem vir die eet van die Paasmaaltyd en vir die instelling van die Nagmaal. Hy neem ook dieselfde beker vir die Paasmaal en vir Nagmaal(vergelyk Luk 22:17 - 'n beker en Luk 22:20 - die(selfde) beker).

Vir die maaltydkarakter van die Nagmaal is hierdie vasstelling belangrik. Een en dieselfde doodgewone, alledaagse voedsel (brood/wyn) word vir albei die maaltye gebruik. Wat as 't ware oorgebly het en sommer net nog daar beskikbaar was na die Paasmaaltyd, word gebruik vir die tweede maaltyd (die instelling van die Nagmaal). Skerp gesê: gewone kos bring Jesus by die uitspraak: "... die brood is My liggaam wat verbreek word, die beker is My bloed!" Toegepas: in die Nagmaal eet ons - via gewone kos - Christus se liggaam en ons drink sy bloed - en so "for people who are hungry He becomes true nourishment that which restores, renews, gives life; for people who are thirsty he becomes true drink, that which quenches thirst, confers vigor, and engenders gladness" (Rouillard, 1979:42).

### 5.4 Jesus se maaltye na sy opstanding

Na sy opstanding openbaar Jesus Homself by enkele geleenthede tydens 'n maaltyd aan sy dissipels juis om hulle te oortuig van die werklikheid van sy opstanding (vergelyk Rouillard, 1797:44).

In hierdie verband moet verwys word na Johannes 21:11,12. Na 'n nag van tevergeefse moeite om vis te vang, volg die wonderlike visvangs (Joh 21:11). Midde in hulle werk verskyn Jesus aan sy dissipels - en Hy eet saam met hulle! Soos met die vermeerdering van die brode (Joh 6) is hier in Johannes 21 weer sprake van brood en vis as maaltyd (Joh 21:10,12,13). Wat gebeur hier tydens hierdie maaltyd? Jesus verskyn aan sy dissipels - maar Hy stel Homself onder hulle aanwesig in die teken van die maaltyd! Die teken dat Hy opgestaan het en lewe is dat hy eet - en dat hulle saameet! Opvallend: as Jesus Jaïrus se dogtertjie opgewek het sê Hy: " ... gee vir haar kos . Kos is 'n teken van lewe uit die dood.

In dié sin kan ons sê dat Christus Homself teenwoordig stel in die tekens van die voedsel. Juis dit bring 'n dieper begrip van die uitspraak: "Die brood is my liggaam, die wyn is my bloed." Ons eet en drink die lewend-opgestane Christus!

## 5.5 Die liefdesmaaltye

Volgens Handelinge 2:42 was die vier kenmerke van die oudste Nuwe Testamentiese gemeente dat hulle volhard het in die leer van die apostels, die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. Hierdie vier kenmerke staan in Grieks in 'n chiastiese konstruksie wat inhou dat volharding in die leer van die apostels en die gebede enersyds saamgaan en die onderlinge verbondenheid (κοινωνία) en die gemeenskaplike maaltye andersyds.

Die prominente plek wat maaltye ingeneem het, word verder aangedui in Handelinge 2:46: hulle het "... van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou (en) hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet".

Doodgewone, alledaagse maaltye word so die konkretisering van die liefdesband met God en met mekaar. Juis daarom het die nalaat van, of onreëlmatigheid of gulsigheid by die liefdesmaaltye - 1 Korintiërs 11:17-22 - verdeeldheid (vers 18) en partyskappe (vers 19) geskep.

In 1 Korintiërs 11:18 is daar 'n oorgang van "as julle as gemeente saamkom" na "as julle as gemeente saamkom, is dit nie meer die Nagmaal van die Here wat julle vier nie" (vers 20). Dit is nie meer die Nagmaal van die Here nie want as die gemeente saamkom om te eet (= liefdesmaaltyd), eet elkeen net gou sy eie kos met die gevolg dat party honger bly en ander te veel drink (vers 22). Dit is baie duidelik dat Nagmaal en liefdesmaal hier baie nou verbind word. Skerp gestel: wat by die liefdesmaal gebeur het in Korinte, het daartoe gelei dat die Nagmaal wat hulle gehou het nie meer die Nagmaal van die Here was nie, want die gemeenskap (= saam eet) het daaruit verdwyn. 'n Verdere rede hiervoor is dat die Nagmaal organies voortgevloei het uit die liefdesmaaltyd. Die organiese band tussen liefdesmaal en Nagmaal lê daarin dat albei deel van dieselfde eetmaal was. "Had there been no agape, there would have been no eucharist." (Coyle,1985:415.)

## 6. SLOTSOM

Uit die gegewens wat in hierdie ondersoek na vore gekom het, is die onontkombare slotsom dat Nagmaal wesenlik 'n maaltyd is. In hierdie maaltyd kom verskillende trekke na vore (onder andere verseëling van 'n verbond en vreugde). Tog bly die oorheersende en ingrypende aksent by Nagmaal dié van 'n maaltyd waar gemeenskap met God en gemeenskap met mekaar plaasvind.

## 7. FINALE DEFINISIE

Nagmaal is 'n maaltyd waar Christus se liggaam geëet en sy bloed gedrink word met die mond van die geloof. Deur dié aksie van eet en drink word gelowiges - deur die werking van die Heilige Gees - in hierdie maaltyd in gemeenskap met God en in gemeenskap met mekaar gestel.

## 8. BIBLIOGRAFIE

AALDERS, G. CH. 1963. Het boek Genesis III. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok

BALKE, W. 1980. Het Avondmaal by Calvyn (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K.& Van Driel,L., *reds*; By brood en beker. Goudriaan : de Groot, p. 178-225.)

CALVYN, J. 1973. The first epistle of Paul to the Corinthians. Vertaal deur J.W. Fraser. Grand Rapids : Eerdmans.

COYLE, J.T. 1985. The Agape/Eucharist, relationship in 1 Corintians II. *Grace Theological Journal*, 6(2):411-424.

CUSTER, J. 1985. When is Communion Communion? *Grace Theological Journal*, 6(2):403-410).

GISPEN, W.H. 1950. Het boek Leviticus (Commentaar op het Oude Testament.) Kampen : Kok.

GREIJDANUS, S. 1941. Het evangelie naar Lucas. Korte verklaring. Kampen : Kok.

GROVE, A.P. 1976. Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans. Elsiesrivier : Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.

HARRISON, R.K. 1980. Leviticus an introduction and commentary. Leicester : Inter-Varsity.

HUEY, F.B. 1977. Meals. (*In* Tenney, M.C., *red*. The Zondervan pictorial encyclopaedia of the Bible IV. Grand Rapids : Zondervan. p. 142-146.)

NOORDTZIJ, A. 1940. Het boek Leviticus. Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

OSTERHAVEN, M.E. 1984. Eating and drinking Christ. The Lord's Supper as an act of worship in the theology and practice of Calvin. *Reformed Review*, 37(2):83-93.

PLANTINGA, T.P. s.j. Daar woont Hijzelf ... Baarn : Bosch en Keuning.

RAINEY, A.F. 1987. Sacrifice and offerings (*In* Tenney, M.C., *red*. The Zondervan pictorial encyclopaedia of the Bible V. Grand Rapids : Zondervan p. 207-208.)

RIDDERBOS, H.N. 1966. Paulus ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

ROUILLARD, P. 1979. From human meal to Christian eucharist. *Worship*, 53(1):40-55.

SCHWEIZER, E. 1971. Sarks. (*In* Theological Dictionary of the New Testament VIII. Grand Rapids : Eerdmans. p. 141.)

TEN BOOM, W. s.j. De drie hoofdfeesten van het Oude Testament en hun symboliek. Den Haag : Voorhoeve.

TRIMP, C. 1985. Woord, Water en Wijn. Gedachten over prediking, doop en avondmaal. Kampen : Kok.

VERSTEEG, J.P. 1980. Het Avondmaal volgens het Nieuwe Testament. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W.; Exalto,K. & Van Driel. L.; *reds*. Bij Brood en Beker. Goudriaan : De Groot. p. 9-64.)

VONK, C. 1963. De Voorzeide Leer. Leviticus, Numeri, Deuteronomium. Barendrecht : Barendrecht.

WREN, B. 1986. Justice and Liberation in the Eucharist. *The Christian Century*, 103(28):839-842.

WOLF, H. 1980. Zabach. (*In* Theological Wordbook of the Old Testament. Chicago : Moody Bible Institute. Vol. 1. p. 233-235.)